

**TYGERBERG SAKEKAMER
FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2024**



Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van besigheid en hoofaktiwiteite	Die oogmerk van die Tygerberg Sakekamer is om die ekonomiese en besigheidsbelange van ons lede in die groter Tygerberg-area te bevorder.
Bestuurslede	S. Beeselaar E. Jonkers D. Taljaard
Geregistreerde kantoor	59 Crown Singel Vierlanden Durbanville 7550
Opsteller	Huysamen Westraad Inc. Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A) Geregistreerde Ouditeure
Registrasie nommer	PBO 9300636/7/3
Vlak van gerusstelling	Geen onafhanklike oudit of onafhanklike oorsig is uitgevoer op hierdie finansiële state nie.

Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Indeks

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële state wat aan die bestuurslede voorgelê is:

	Bladsy
Opsteller se Kompilasieverslag	3
Bestuurslede se verantwoordelikhede en -goedkeuring	4
Bestuurslede se verslag	5
Staat van Finansiële Posisie	6
Volledige Staat van Omvattende Inkomste	7
Rekeningkundige Beleid	8
Aantekeninge tot die Finansiële State	9

Bladsy 2

Opsteller se Kompilasieverslag

Aan Tygerberg Sakekamer


Ons het die finansiële state van Tygerberg Sakekamer, soos uiteengesit op bladsye 5 tot 9, opgestel gebaseer op inligting deur u verskaf. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie van Tygerberg Sakekamer soos op 31 Desember 2024 en die staat van omvattende inkomste vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, insluitend 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Ons het hierdie kompilasie-aanstelling uitgevoer in ooreenstemming met die Internasionale Standaard op Verwante Dienste 4410 (Hersien), Kompilasie Verslag.

Ons het ons kundigheid in rekeningkunde en finansiële verslagdoening aangewend om u by te staan met die voorbereiding en aanbieding van hierdie finansiële state ooreenkomstig die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Ons het voldoen aan relevante etiese vereistes, insluitende beginsels van integriteit, objektiwiteit, professionele bevoegdheid en behoorlike sorg.

Hierdie finansiële state en die akkuraatheid en volledigheid van die inligting gebruik om die finansiële state op te stel is u verantwoordelikheid.

Aangesien 'n kompilasie-aanstelling nie 'n gerusstellingsaanstelling is nie, word daar nie van ons vereis om die akkuraatheid en volledigheid van die inligting, deur u aan ons verskaf om hierdie finansiële state op te stel, te verifieer nie. Gevolglik spreek ons nie 'n ouditmening of 'n oorsig gevolgtrekking uit of hierdie finansiële state voorberei is ooreenkomstig die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk nie.



Huysamen Westraad Inc.
C. Hoon
Direkteur
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A)
Geregistreerde Ouditeure
5 Mei 2025

Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Bestuurslede se verantwoordelikhede en -goedkeuring

Daar word van die bestuurslede vereis om toereikende rekeningkundige rekords te handhaaf en die bestuurslede is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die vereniging soos op die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

Die finansiële state is ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die bestuurslede erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die vereniging ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die bestuurslede stel standarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n koste-effektiewe wyse te verminder, en om die bestuurslede in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die vereniging gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standarde te handhaaf om te verseker dat die vereniging se besigheid uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die vereniging se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die vereniging. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die vereniging om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.


Die bestuurslede is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.


Die bestuurslede het die vereniging se kontantvloei-vooruitskatting vir die jaar tot 31 Desember 2025 geëvalueer en, in die lig van hierdie oorsig en die huidige finansiële posisie, is hulle oortuig dat die vereniging toegang het tot toereikende hulpbronne om voort te gaan in operasionele bestaan in die afsienbare toekoms.


Die eksterne rekenmeester is verantwoordelik vir die onafhanklike opstel en verslagdoening van die vereniging se finansiële state. Die finansiële state is deur die vereniging se eksterne rekenmeester ondersoek en hul verslag is uiteengesit op bladsy 3.

Die finansiële state wat uiteengesit is op bladsye 5 tot 9 en voorberei is op die lopendesaaik-grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die bestuurslede op 5 Mei 2025 deur:

Goedkeuring van finansiële state


S. Beeselaar


E. Jonkers


D. Taljaard

Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Bestuurslede se verslag

Die bestuurslede dien hul verslag in vir die jaar geëindig 31 Desember 2024.

1. Oorsig van aktiwiteite

Hoofbesigheid en bedrywighede

Die netto surplus van die vereniging was R49,192 (2023: netto surplus R902).

2. Lopende saak

Die finansiële state is opgestel op grond van die rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak van toepassing is. Hierdie grondslag veronderstel dat daar fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en die vereffening van laste, voorwaardelike verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

3. Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Die bestuurslede is nie bewus van enige aangeleentheid of gebeurtenis, wat sedert die einde van die finansiële jaar ontstaan het, wat 'n wesenlike uitwerking op die finansiële state het nie.

4. Bestuurslede

Die vereniging se bestuurslede gedurende die jaar en tot die datum van hierdie verslag is soos volg:

Naam	Nasionaliteit
S. Beeselaar	R.S.A.
E. Jonkers	R.S.A.
D. Taljaard	R.S.A.

Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Desember 2024

Syfers in Rand	Nota(s)	2024	2023
Bates			
Bedryfsbates			
Kontant en kontantekwivalente	2	143,771	94,578
Totale bates		143,771	94,578
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Eienaar se fondse en reserwes			
Opgelope surplus		143,774	94,580
Laste			
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure		(3)	(2)
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		143,771	94,578

Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Volledige Staat van Omvattende Inkomste

Syfers in Rand	Nota(s)	2024	2023
Inkomste			
Donasies en borge		17,547	6,100
Lede funksies	3	167,904	152,393
Ledegelde ontvang		66,219	74,582
		251,670	233,075
Ander inkomste			
Rente ontvang		5,588	4,442
Bedryfskoste			
Ander uitgawes		5,400	1,200
Bankkoste		1,649	1,685
Bemarking		4,068	3,804
Bestuursvergaderingkoste		339	-
Donasies		8,600	-
Drukwerk en skryfbehoeftes		-	1,156
Lede funksies	3	87,162	127,627
Rekenaarkoste		98,067	99,518
Rekeningkundige geld		1,857	1,725
Versekering		924	(100)
		208,066	236,615
Surplus vir die jaar		49,192	902

Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Rekeningkundige Beleid

1. Opstellingsgrondslag en opsomming van beduidende rekeningkundige beleid

Die finansiële state is ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos hieronder uiteengesit, opgestel. Die finansiële state is op die historiese kostegronslag opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk.

1.1 Finansiële instrumente

Finansiële instrumente teen billike waarde

Kontant en kontantekwivalente word getoon teen billike waarde.

1.2 Belasting

Die beheerliggaam word belas kragtens artikel 10(1)(e) van die Inkomstebelastingwet, 1962. Kragtens hierdie artikel word inkomste vanaf alle ander bronne, behalwe vir heffingsinkomste, vrygestel tot en met 'n maksimum van R50,000 per jaar. Belasting word dus bereken en voorsiening word gemaak op beleggingsinkomste en ander inkomste groter as R50,000 per jaar minus 'n gedeelte van aftrekbare administratiewe uitgawes.

1.3 Inkomste

Heffings is verantwoord op die toevallingsgrondslag en sluit dus uitstaande bedrae in wat deur die lede verskuldig is.

Rente word erken soos dit verdien word.

Tygerberg Sakekamer

(Skema nommer: PBO 9300636/7/3)

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2024

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in Rand	2024	2023
----------------	------	------

2. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

Nedbank oproeprekening	62,432	45,842
Nedbank tjekrekening	39,791	10,187
SP Beeselaar - Trustrekening	41,548	38,549
	143,771	94,578

3. Funksie inkomste en uitgawes

Funksie inkomstes:

Algemene jaarvergadering	-	8,750
Gholf dag	-	36,625
Jaareindfunksie	-	5,620
Netwerkgeleenthede	3,030	3,708
Potjiekos	13,474	9,080
Stad Kaapstad dinee	129,650	62,410
Vroue geleenthede	21,750	26,200
	167,904	152,393

Funksie uitgawes:

Algemene jaarvergadering	-	9,350
Gholf dag	-	25,071
Jaareindfunksie	-	4,740
L. Carrick Honorarium	6,800	6,600
Netwerkgeleenthede	165	3,876
Potjiekos	4,172	2,735
Stad Kaapstad dinee	73,025	49,910
Vroue geleenthede	3,000	20,945
	87,162	123,227

4. Belasting

Die vereniging is vrygestel van belasting ingevolge artikel 10(1)(d)(iii) van die Inkomstebelastingwet. As 'n gevolg is geen belasting voorsiening gemaak in hierdie finansiële state nie.